

**OMGEWINGSINVLOEDSTUDIE PROSES VIR DIE VOORGESTELDE
MATIMBA – WITKOP TRANSMISSIELYN PROJEK**

OPENBARE DEELNAME PROSES

OPENBARE VERGADERING

27 FEBRUARIE 2002

14:00

MARKEN BOERESAAL, MARKEN

VOORLOPIGE NOTULE

NOTE

We request you to verify whether your comments were captured correctly.

Kindly notify Ms. Ingrid Snyman within fourteen (14) days of receipt of this document if any of your comments are not portrayed correctly or if you would like to provide the consultants with additional inputs regarding the proposed project. You are welcome to make changes directly on the document and fax it to Bohlweki Environmental at (011) 805 0226.

For more information on the project and progress you are welcome to contact the public participation consultants.

NOTA

Ons versoek u om die notule na te gaan om te verseker dat u kommentaar korrek genotuleer is.

Verwittig Me. Ingrid Snyman asb. binne veertien (14) dae na ontvangs van die dokument indien daar foute in die voorlopige notule is, of indien u verdere insette aan die konsultante rakende die voorgestelde projek wil verskaf. U is welkom om veranderinge op die dokument aan te bring en aan Bohlweki Environmental te faks by (011) 805 0226.

U is welkom om die openbare deelname konsultante te kontak vir enige verdere navrae aangaande die projek

**OMGEWINGSINVLOEDSTUDIE PROSES VIR DIE VOORGESTELDE MATIMBA –
WITKOP TRANSMISSIELYN PROJEK:**

OPENBARE DEELNAME PROSES

OPENBARE VERGADERING

27 FEBRUARIE 2002

14:00

MARKEN BOERESAAL, MARKEN

VOORLOPIGE NOTULE¹

1. VERWELKOMING

Mnr. J. van Staden van Bohlweki Environmental open die vergadering om 14:20. Hy verwelkom die deelnemers namens Bohlweki en Eskom. Hy stel homself en Me. Ingrid Snyman van Bohlweki Environmental voor. Vervolgens word Me. Carol Streaton en Mnr. Chris Vuso van Eskom voorgestel.

Mnr. Van Staden verduidelik dat die teenwoordige lede se belange tydens die vergadering bespreek gaan word en versoek hulle dus om hul insette te lewer.

Daar word besluit dat die vergaderingsprosedure in Afrikaans sal plaasvind. Mnr. J. van Staden gee 'n oorsig van die agenda. Geen verskonings word ontvang nie.

Die doelstellings van die vergadering is as volg:

- Om 'n oorsig oor die Omgewingsinvloedstudie proses wat vir die projek onderneem is te verskaf;
- Om die bevindinge van die voorlopige Omgewingsbestekopnameverslag te bespreek;
- Om terugvoer rakende die voorlopige Omgewingsbestekopnameverslag van die deelnemers te ontvang; en
- Om inligting oor die proses vorentoe te verskaf.

2. AGTERGROND TOT DIE VOORGESTELDE PROJEK

Mnr. J. van Staden dui aan dat daar 'n behoefte aan 'n addisionele 400 kV lyn vanaf die Matimba substasie tot die Witkop sustasie is as gevolg van die volgende redes:

- In die groter Pietersburg area is daar heelwat nuwe ontwikkelings bv. nuwe myne wat beplan word en daar is dus 'n al groter wordende behoefte aan krag in hierdie gebied. Die bestaande lyn kan nie hierdie addisionele kapasiteit hanteer nie;
- Daar is telkemale kragonderbrekings op die huidige kraglyn tussen die Matimba en Witkop substasies. Dit word onder meer deur veldbrande en die impak wat voëls op die lyn het beïnvloed. Hierdie huidige lyn moet ook gereeld afgeskakel word vir normale onderhoud wat weer eens tot kragonderbrekings lei. Die krag toevoer is dus baie onbetroubaar en indien 'n addisionele lyn gebou word kan dit die betroubaarheid van die kragvoorsiening heelwat verbeter, wat weer positiewe koste implikasies vir die gebruikers inhou.

¹ Die notule word in Afrikaans voorgelê, maar in die geval waar die spreker Engels gepraat het word dit so weergegee.

‘n Addisionele 400 kV Transmissielyn is dus werklik nodig om die kragvoorsiening en betroubaarheid van kragvoorsiening in die groter area te verbeter.

Die voorgestelde Transmissielyn strek oor ‘n afstand van 250 km vanaf die Matimba substasie (naby Ellisras) tot by die Witkop substasie (naby Pietersburg). Die servituut wat vir hierdie lyn benodig word is 55 meter. Beide die Matimba en Witkop substasies het ‘n addisionele 400 kV toevoerarea nodig waar ontwikkeling moet plaasvind om die addisionele lyn te akkommodeer. Hierdie ontwikkeling sal egter op Eskom se eiendom plaasvind. Sekere alternatiewe korridors vir hierdie Transmissielyn is geïdentifiseer en voorgestel. Die konsultante moet die mees geskikte opsies ondersoek en die studie fokus dus op hierdie korridors.

Mnr. J. van Staden verduidelik aan die hand van ‘n kaart van die studie area waar die alternatiewe belynings voorgestel word.

3. OMGEWINGSINVLOEDSTUDIE PROSES

Mnr. J. van Staden verduidelik dat die Omgewingsinvloedstudie (OIS) proses in twee fase onderneem word. Fase 1 is die Omgewingsbestekopname Fase wat vanaf November 2001 tot Maart 2002 strek. Die fase is nou voltooi en ‘n voorlopige Omgewingsbestekopname verslag is vir evaluering beskikbaar gestel. Kopieë van hierdie verslag is tans by die Pietersburg Stadsbiblioteek, die Lephalale Biblioteek (Ellisras), die Marken Koöperasie, die Bakenberg Stamowerheid kantore, asook by die Mogalakwena Biblioteek in Potgietersrus beskikbaar. Geïnteresseerde en Belanghebbende partye kan tot en met 14 Maart 2002 kommentaar op die voorlopige verslag lewer. Insette tot hierdie verslag sal as ‘n Addendum by die finale verslag aangeheg word.

Die doelstellings van die Omgewingsbestekopname was as volg:

- Om potensiele bio-fisiese en sosiale impakte te identifiseer;
- Om alternatiewe te identifiseer;
- Om die alternatiewe en mees geskikte korridors te ondersoek en te evalueer; en
- Om aanbevelings te maak rakende die detail studies wat tydens die OIS onderneem moet word.

Die tweede fase is die Omgewingsinvloedstudie Fase wat vanaf April 2002 tot en met Junie 2002 sal strek. Tydens hierdie fase sal detail studies in die geïdentifiseerde korridors onderneem word en die openbare deelname proses sal voortgaan tot en met die einde van die proses. Finale aanbevelings rakende die projek sal dan gemaak word en in die vorm van ‘n Omgewingsinvloedstudie Verslag beskikbaar gestel word vir evaluering. Nadat hierdie fase voltooi is, sal die OIS verslag by die Nasionale Departement van Omgewingssake en Toerisme ingehandig word, waarna die departement ‘n besluit oor die projek moet neem.

4. OPENBARE DEELNAME PROSES

Me. I. Snyman verduidelik dat ‘n openbare deelname proses deur die Omgewingswetgewing vereis word en die doelstellings van so ‘n deelname proses is as volg:

- Om deursigtigheid en vertrouwe in die proses te bevorder;
- Om ‘n begrip van die projek en die gevolge daarvan oor te dra;
- Om as ‘n kommunikasie en skakelingsstruktuur tussen die Geïnteresseerde en Belanghebbende partye en die konsultante, asook Eskom te dien;
- Om as ‘n data insamelingsmeganisme vir die Sosiale Impakstudie te dien; en

- Om te help om moontlike alternatiewe te identifiseer.

Die openbare deelname aktiwiteite wat tydens die Omgewingsbestekopname fase onderneem is, is as volg:

- Die samestelling van 'n databasis van die Geïnteresseerde en Belanghebbende partye in die studiekorridor by wyse van 'n aktesoek;
- Die plasing van advertensies in die plaaslike koerante met die doel om persone te versoek om betrokke te raak by die projek en om openbare deelname sessies by te woon;
- Die verspreiding van inligtingsdokumente wat agtergrond rakende die projek verskaf;
- Fokus groep vergaderings met georganiseerde groepe;
- Die samestelling van 'n verslag waarin die aspekte van belang, kommer en kommentaar vervat is en wat deel van die Omgewingsbestekopname verslag vorm; en
- Openbare terugvoer vergaderings rakende die bevindinge van die Omgewingsbestekopname verslag.

Die openbare deelname proses sal tydens die Omgewingsinvloedstudie proses hervat word en tot en met die einde van die proses voortgaan. Geïnteresseerde en Belanghebbende partye sal dus deurentyd die geleentheid gegun word om insette te lewer.

5. TERUGVOER RAKENDE DIE BEVINDINGE VAN DIE OMGEWINGSBESTEKOPNAME VERSLAG

Mnr. J. van Staden versoek die lede om die Omgewingsbestekopname verslag wat in die biblioteke beskikbaar is te gaan lees en kommentaar daarop te lewer. Hy verduidelik egter kortliks wat die aspekte is wat tydens die Omgewingsbestekopname fase ondersoek is, naamlik:

- Klimaat en atmosferiese toestande het 'n impak op die Transmissielyn, veral in terme van die betroubaarheid van kragvoorsiening van hierdie lyn. In-diepte studies rakende hierdie aspek sal tydens die OIS ondersoek word en aanbevelings sal by die ontwerp van die lyn in ag geneem word. Indien die klimaattoestande nie gunstig is nie en dit tot herhaaldelike kragonderbrekings kan lei moet alternatiewe roetes ondersoek word.
- Studies rakende die topografie fokus op die liggings van die torings en toegangspaaie wat onder meer tot erosie kan aanleiding gee. Hierdie aspek kan egter eers werklik geadresseer word wanneer die liggings van die verskillende torings gefinaliseer is.
- In terme van geologie en gronde word daar rondom die spesifieke posisies van die onderskeie torings en die toegangspaaie gefokus. In-diepte studies rakende hierdie aspek sal tydens die OIS onderneem word en sal spesifiek ondersoek instel na die stabiliteit van die grond en die fondasies wat gebou moet word.
- Die voorlopige bevindinge is dat die landboupotensiaal in die geheel nie negatief geraak sal word nie, maar dat daar egter spesifieke dele is wat wel beïnvloed kan word, byvoorbeeld areas waar spilpunte gebruik word. Die geaffekteerde areas is meestal die gedeeltes rondom die torings. Daar moet dus verdere in-diepte studies gedoen word om die impak op die algemene landboupotensiaal in die hele studiekorridor te ondersoek, sowel as die sensitiewe areas rondom die torings.
- Die Waterberg Biosfeer is in terme van die flora en fauna as 'n sensitiewe area geïdentifiseer. Daar is heelwat wild spesies, waarvan sommige skaars en bedreigde spesies is, hervestig. Bekommernisse is geopper dat sommige van die wild tydens die konstruksie proses verlore kan

gaan of selfs gevang kan word. Boonop kan 'n toename in die verkeersvloei in sekere areas ook 'n verhoogde impak op sekere spesies hê. Die Waterberg Biosfeer area het ook 'n wye verskeidenheid plantegroei en die Masebe en Moepel Farms areas is veral sensitief. Daar word beraam dat ongeveer 29 van die 30 Roodata spesies daar kan voorkom. 'n Spesialisopname sal dus in die omgewing onderneem word om die omvang van die moontlike impakte te bepaal. Op grond van die aanbevelings kan daar dan heel moontlik alternatiewe roetes en liggings vir die torings ondersoek word.

- Daar word tans in sekere areas probleme ondervind met o.a. arende en aasvoëls wat op die kraglyne sit en kortsluitings veroorsaak wat die bestaande lyn se kragtoevoer negatief beïnvloed. Voëls vlieg ook in die aarddrade vas. Daar moet gepoog word om die impakte te vermy en te minimaliseer. Die sensitiewe areas moet tydens die spesialisstudies bepaal en gekarteer word. Spesiale bestuursaspekte, wat op die aanbevelings van die spesialisstudies gebaseer is, sal geïmplementeer word.
- Die grondoppervlakwater kan tydens konstruksie deur sedimentasie en besoedeling beïnvloed word. Mitigerende maatreëls moet by die Omgewingsbestuursplan ingesluit word.

Mnr. J. van Staden dui die volgende sosiale aspekte aan wat tydens die Omgewingsbestekopname fase geïdentifiseer is en wat in-diepte ondersoek sal word tydens die volledige Omgewingsinvloedstudie:

- In terme van die grondgebruike moet die sensitiewe areas binne die korridors bepaal word. Daar is egter alreeds in die noordelike korridor areas geïdentifiseer waar gemeenskappe naby die moontlike roete woon. Spesialisstudies, sowel as konsultasie met die gemeenskappe, sal tydens die Omgewingsimpakstudie onderneem word.
- Visuele aspekte is die mees kontroversiële aspek van kraglyne. Die voorlopige bevindinge is dat die addisionele kraglyn die minste visuele impakte tot gevolg sal hê indien dit die belyning van die bestaande 400 kV kraglyn se roete volg. Die oprigting van 'n kraglyn in areas waar daar nie 'n bestaande transmissielyn is nie se visuele impak sal moontlik hoër wees. In-diepte visuele invloedstudies sal tydens die OIS onderneem word om te bepaal in watter areas daar 'n groter visuele impak verwag kan word.
- Heelwat moontlike sensitiewe argeologiese en historiese terreine is in die studie area geïdentifiseer. 'n In-diepte studie sal tydens die OIS onderneem word om die belangrikheid van hierdie terreine te bepaal. 'n Ondersoek oor die finale roete en die impak daarvan op argeologiese en historiese terreine sal ook gedoen word om sodoende aanbevelings tot die Omgewingsbestuursplan te lewer.
- Geïnteresseerde en Belanghebbende Partye het die aspek van toerisme geopper. Daar kan moontlike kort termyn impakte op toerisme aktiwiteite in die nabye omgewing van die kraglyn wees, veral tydens die konstruksie fase. Die visuele impak op 'n geproklameerde bewaringsarea kan langtermyn gevolge hê. Die Bestekopname studie het getoon dat, Korridor twee (noordelike) die mees geskikte roete in terme van toerisme is, aangesien dit nie deur die Waterberg Biosfeer gaan nie, en slegs die grense van die Masebe Natuurreservaat volg. Dit lei tot verminderde visuele impakte op bewaringsareas. Indien die kraglyn in parallel met die bestaande transmissielyn opgerig word sal dit die minste visuele impak op toerisme in Korridor Een tot gevolg hê. Daar is ook bevind dat daar 'n toename in wildsplase met toerisme aktiwiteite is. Die in-diepte studie sal ondersoek instel rakende die impak van 'n transmissielyn op die toenemende eko-toerisme bedryf.

Mnr. J. van Staden dui aan dat die Bestekopname dus bevind het dat daar 'n aantal aspekte alreeds geopper en geïdentifiseer is wat verder ondersoek moet word. Verdere in-diepte studies is nodig om die werklike impak te bepaal. Dit is dus belangrik dat die Geïnteresseerde en Belanghebbende Partye insette tot hierdie studies lewer. Kopieë van die opsomming van die verslag was in Afrikaans en Engels by die vergaderings beskikbaar. Enige addisionele geskrewe kommentaar kan aan Bohlweki Environmental gestuur word, sodat hierdie aspekte by die Omgewingsinvloedstudie proses ingesluit kan word.

Mnr. J. van Staden moedig die lede dus aan om die volledige Omgewingsbestekopname verslag wat by die onderskeie biblioteke beskikbaar is te gaan bestudeer en kommentaar daarop te lewer. Hy verduidelik dat die openbare deelname proses tot en met die voltooiing van die studies sal voortgaan. Nadat die OIS fase voltooi is, sal die lede weer kommentaar op die voorlopige OIS verslag kan lewer. Die kommentaar sal, ook soos nou, by die finale verslag ingesluit word en na die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme gestuur word sodat hulle 'n besluit oor die gewenstheid van die lyn kan neem. Hierdie besluit kan onderhewig wees aan spesifieke voorwaardes, en 'n Omgewingsbestuurplan sal ook verskaf moet word. Sodoende kan lede monitor of Eskom aan die vereistes wat deur die Departement gestel is, voldoen.

6. TEGNIESE DETAILS RAKENDE TRANSMISSIELYNE EN ESKOM SE KONSTRUKSIE AKTIWITEITE

Ms. C. Streaton of Eskom thanked the attendants for being at the meeting. She explained that it was important for Eskom to get the inputs of the role-players and to listen to the problems that they were currently experiencing with power lines on their properties. She said that she would like the farmers to highlight any of those so that she could take it up with the line servitude managers at Eskom to ensure that these problems would immediately be addressed.

Ms. C. Streaton indicated that she would explain and discuss Eskom's new management and environmental policy by sharing the latest transmission line construction process undertaken by Eskom between Arnot and Maputo. Eskom have had a lot of historical problems with their power lines, but their new policy is to mitigate any adverse impacts, and to ensure that the environmental impacts were kept to the minimum. The building of a power line is a listed activity in terms of the Environmental Conservation Act and Eskom have to undertake an Environmental Impact Assessment prior to the construction of such a line. An environmental control officer will be appointed to oversee the construction process and to ensure that the contractor is adhering to the Environmental Management Plan (EMP).

Ms. C. Streaton discussed the following with the attendants by means of a slide show:

- Access roads and construction camps;
- Tower types and foundations;
- The erection of a power line;
- Bush clearings and stringing;
- Environmental impacts on the power line and the impact of a power line on the environment;
- Agriculture and plantations; and
- Archaeology and landscaping.

Ms. C. Streaton explained that Eskom like to keep the construction of access roads to a minimum and rather use the existing infrastructure, as the construction and maintenance of these roads is very costly and creates another potential for erosion.

An independent contractor will be appointed to undertake the construction of the power line. The construction camps for a transmission line will comprise of a big area, as a large workforce will be involved. The location of the camp/s will be negotiated with the landowner. Eskom require the assistance of the individual landowners in order to ensure that the construction process is successful. Eskom, however, have certain rules that the contractors have to abide by which include the handling of waste, water usage, etc. These guidelines will be stipulated in the Environmental Management Plan and will also be included in the tender documentation, so that the contractors can include the cost of these activities in their budgets.

Ms. C. Streaton showed and explained the new cross rope suspension towers. These are visually less intrusive than the freestanding towers that were usually erected. The freestanding towers are nowadays only used on the bend points. A compact cross rope will be used where there is less space available to erect the tower, as the mast footings are closer together than the other type of towers. These towers, however, are difficult for live-line maintenance and Eskom only use these when necessary.

Ms. C. Streaton showed the attendants the type of machinery used to dig the foundations, but mentioned that, in areas where access to the tower locations was difficult, the foundations would be dug by hand. Eskom then transports the rest of the material by helicopter. The excavations at the tower locations are protected to avoid people and animals falling into these. Sometimes special measures are taken on game farms to keep animals away from the footings of the towers. The construction of the various towers will take place in the field, as these are not taken to the site already erected. In a dense area, a space will have to be cleared to actually put the tower together. Huge cranes and helicopters are used to construct these. The clearance needed to string a line is between 8-12 meters in the centre of the servitude. A pilot cable will be put over each structure and the conductors will then be pulled up. The conductors are sensitive and should not touch the ground.

Sometimes servitudes are cleared completely so that the farmers can use this area as fire breaks, but Eskom usually so not clear the entire servitude area. Indigenous grasses will be kept and a veld specialist will assist Eskom in managing the various servitudes by indicating which problem plants, that could cause a fire risk, should be removed or which should be cut down. To ensure the success of the programme, Eskom aims to integrate their management plan with the management plan of the landowners. Ms. C. Streaton showed the attendants photographs of the clearing methods used on the Arnot – Maputo line and where indigenous bush and specific trees were left underneath the lines. It was emphasised that Eskom will support the rehabilitation of the areas to its ideal habitat and will specifically try to prevent the growth of sickle bush in the Bushveld area.

Ms. C. Streaton explained the stringing methods used and indicated the type of machinery that would be used during the construction process.

The power lines have a potential environmental impact on the wildlife, as there are birds that occasionally collide with the earthwire, but fortunately not a lot of electrocutions of birds occurs. Eskom is currently undertaking research to improve the markers on the line so that these were more visible to the birds. Lights could put up in areas where a lot of birds would be flying around at night. Eskom also recently launched a project to prevent vultures and large bird species (e.g. herons and hadedas) from sitting on top of the critical areas near the insulator strings of the power line, as the birds could produce streamers that resulted in shorts. The birds are not affected, but Eskom

experiences a dip on the system that creates numerous problems for dip sensitive customers. These dips cost the country approximately R26 million per year. Another example of where the environment impacts on Eskom is in areas where the birds chew on the wires, creating a lot of damage.

In areas where light aircraft pass close to the line, or crop spraying takes place, spheres are also put on the line to make it more visible.

Where the line will cut through plantations, some trees (an area of 27,5 meters on either side of the centre line) will be trimmed to approximately 5 meters in height to allow the line to pass. Negotiations regarding these aspects will be undertaken with each landowner and the conditions will be stipulated. These servitudes in the plantations are also used as firebreaks by e.g. Sappi and Mondi.

A desktop study will be undertaken at the beginning of the EIA process in order to identify any historical and archaeological sites. A registered archaeologist will undertake an in-depth study once the tower locations have been finalised. Eskom will obtain a permit from SAHRA before construction starts and will put mitigation measures in place to prevent any possible damage to these sites.

Ms. C. Streaton outlined the methods in which roads, which were required only for construction, were rehabilitated to limit any potential erosion.

7. BESPREKINGSGELEENTHEID

- 7.1 Mnr. Albie Geerkens: Plaas Alkantrant stel dat die aanbieding rakende Eskom se bestuurs- en konstruksie aktiwiteite alles goed en wel is, maar dat dit in realiteit en in die praktyk nie so geskied nie. Die nuut ontwerpte torings het wel 'n kleiner visuele impak, maar 'n kraglyn ontsier steeds die pragtige natuurskoon van 'n area.
- 7.2 Mnr. Christian van der Walt: Plaas Murchison wil weet wanneer daar beplan word om met die konstruksie fase te begin. Me. Carol Streaton dui aan dat die Omgewingsinvloedstudie proses teen Junie 2002 sal eindig en dat die verslag dan by die Nasionale Departement van Omgewingsake en Toerisme ingehandig sal word. Die onderhandelings met al die individuele plaaseienaars behoort dan ongeveer 'n jaar te neem. Die konstruksie sal dan eers teen mid 2003 kan begin. Heelwat aspekte kan hierdie proses egter beïnvloed en dit kan dus selfs later eers geskied. Indien die konstruksie van die addisionele kraglyn vir Eskom veel dringender word sal daar meer onderhandelaars aangestel word om die onderhandelingsproses te bespoedig, asook twee konstruksie maatskappye. Eskom inisieer die proses egter vyf jaar voordat die konstruksie werklik nodig is, aangesien daar soveel prosesse is wat eers voltooi moet word voordat konstruksie kan begin.
- 7.3 Mnr. Buks van der Walt: Plaas Kirstenbosch vra of die eienaars van die plaas Keta gekontak is. Mnr. J. van Staden stel dat 'n aktesoek onderneem is om die verskillende plaaseienaars te identifiseer en sodoende te kontak. As die lede egter bewus is van enige addisionele eienaars wat gekontak moet word, moet hulle die nodige inligting aan die konsultante verskaf. Die konsultante doen egter alles in hul vermoë om die relevante partye in te lig rakende die projek en proses.
- 7.4 Mnr. Paul Hoogenboezem: Gedeelte van die plaas Goedgedacht dui aan dat Eskom vroeër jare 'n kraglyn op sy plaas gespan het sonder dat hy in die saak geken is. Hy stel dat Eskom moet besef dat die waardebeplanning van grond in die Bosveldgebied op 'n ander basis geskied as in die Hoëveld, of areas waar daar plantasies is. Dit is heel eenvoudig om in sulke areas die waarde van die geaffekteerde stuk grond te bepaal. In die Bosveld word die waarde van die grond egter nie

alleenlik op die produksiewaarde van veeboerdery per hektaar bepaal nie, maar die werklike waarde word op eko-toerisme en die potensiaal vir eko-toerisme gebaseer. Die grootte van die eenheid moet egter ook in berekening gebring word. Dit bring die grondwaardes dus tot op 'n sekere vlak en die kraglyn affekteer dus nie net die spesifieke area waaroor die kraglyn gaan nie, maar die waarde van die hele stuk grond. Ms. C. Streaton replied that Eskom uses independent valuers to assess the various properties. If the property owner is not satisfied with this assessment, they could make use of their own valuator and put those calculations forward. Eskom does not want to traverse through the middle of the properties, especially if these are small areas. The alignment of the power line has to be discussed with the owner and can not be finalised if the owner does not agree. A negotiation process has to be undertaken and, in cases where the rest of the line has already been negotiated and one owner along the line resisted, Eskom has a right to expropriation. The expropriation, however, is a lengthy process and Eskom does not want to follow that route. Before Eskom can expropriate they have to apply to the National Energy Regulator, who would have to determine whether another route could not be followed. The farmer will also have to state his/her reasons for refusing the line to cross the property. Then only would the National Energy Regulator allow Eskom to expropriate the said property. Ms. Streaton said that previously Eskom did not have to undertake these environmental processes, but they were now forced by the regulations to follow this route. Eskom understood that there would be people that would be adversely affected, but they would like to keep that to the minimum.

- 7.5 Mnr. Paul Hoogenboezem: Gedeelte van die plaas Goedgedacht stel dat die noordelike alternatief wat op hierdie stadium die mees geskikte opsie vir die meeste partye is, is vir hom weer die mees afstootlike keuse, aangesien die voorgestelde kraglyn reg deur sy stuk grond gaan. Hy stel dit duidelik dat hy dus nie die vergoedingsbedrag gaan aanvaar wat op die servituut area bereken word nie, aangesien sy grond se totale waarde daarmee heen is. Die teenwoordige lede ondersteun hierdie stelling.
- 7.6 Mnr. Albie Geerkens: Plaas Alkantrant vra of daar onlangs 'n transmissielyn in die nabye area opgerig is. Hy wil ook weet of die kwessie van die totale depresiasie van die grond al bereken was en ook so deur Eskom aanvaar was en of Eskom die grondwaarde in terme van die servituut area bereken het. Ms. Carol Streaton said the Arnot-Maputo line was the last one that was built. She unfortunately did not deal with the negotiation process, but undertook to get answers to their questions.
- 7.7 Mnr. Albie Geerkens: Plaas Alkantrant vra waneer die Arnot-Maputo kraglyn voltooi was. Ms. Carol Streaton sê dat die transmissielyn omtrent 'n jaar terug voltooi is.
- 7.8 Mnr. Albie Geerkens: Plaas Alkantrant stel dat die bogenoemde kwessie rakende die totale depresiasies versus die grondwaarde in terme van die servituut en Eskom se standpunte daaroor, tydens die volgende vergadering aangespreek moet word. Hierdie voorstel word gesekondeer.
- 7.9 Die lede stel dit duidelik dat hulle beseft dat daar 'n behoefte aan 'n nuwe transmissielyn is en dat so 'n kraglyn gebou moet word.
- 7.10 Mnr. Albie Geerkens: Plaas Alkantrant vra of die beplande ontwikkeling by Overysse, soos tydens die vergadering van 4 Desember 2001 bespreek is, wel 'n ontwikkeling naby Potgietersrus is en nie by die dorp Overysse naby Marken gaan plaasvind nie. Mnr. J. van Staden noem dat dit korrek is en dat die spesifieke ontwikkeling waarna daar verwys word tussen Potgietersrus en Pietersburg beplan word.
- 7.11 Mnr. Hannes Peens: Plaas Goedgedacht verduidelik dat daar heelwat aspekte is wat die boere ontstel en dat die oprigting van 'n addisionele kraglyn net tot hul bekommernisse bydra. Daarom gaan hul opinies rakende hierdie ontwikkeling met heelwat emosie gepaard. Hy versoek die

konsultante en Eskom om dit so te verstaan en ook so te begryp. Die boere besef dat ‘n addisionele transmissie lyn gespan moet word. Hy versoek die konsultante dus dat hulle hierdie saak met erns sal bejeën en dat hulle hierdie projek nie net as nog ‘n opdrag beskou nie. Die konsultante moet die projek dus in ‘n onafhanklike lig beskou en eerlik met hul opinies wees in terme van die belyning van die kraglyn. Die regte prosedures om tot hierdie besluit te kom moet dus gevolg word. Mnr. J. van Staden verduidelik dat Bohlweki Environmental as omgewingskonsultante aangestel is en dat hulle ‘n dokument moet onderteken dat hul vergoeding van Eskom nie afhang of die kraglyn gebou word of nie. Hulle is dus nie aangestel om te verseker dat Eskom die lyn kan bou nie. Bohlweki Environmental moet egter die partye se insette kry sodat dit in ‘n verslag saamgestel kan word en om die betrokke departemente wat die besluit moet neem, help om ‘n ingeligte besluit te neem. As konsultante, probeer hulle neutraal staan teenoor die projek. Die Omgewingsinvloedstudie proses verslag, asook die Omgewingsbestuursplan wat by die Departement van Omgewingsake en Toerisme ingehandig word kan ook heel moontlik deur ander organisasies ge-evalueer word om sodoende te bepaal of al die kwessies aangespreek is en om hulle vanuit ‘n wetenskaplike oogpunt te beoordeel.

- 7.12 Mnr. J. van Staden nooi die teenwoordige lede uit om enige verdere insette na die konsultante te stuur sodat dit so gou as moontlik by die Omgewingsinvloedstudie proses geïnkorporeer kan word. Indien hulle van enige partye weet wat deur die projek geraak kan word of wat inligting rakende die projek verlang, is hulle welkom om die nodige inligting aan die persone te verskaf. Indien daar enige probleme met huidige kraglyne ervaar word kan die persone gerus met Me. Carol Streaton daaroor skakel.
- 7.13 Mnr. Paul Hoogenboezem: Gedeelte van die plaas Goedgedacht stel dat hulle aanvaar dat die kraglyn gespan moet word, maar dat die persone wat dan die opofferings daarvoor moet maak, na regte vergoed moet word. Die vergadering ondersteun hierdie stelling.
- 7.14 Me. I. Snyman versoek dat die lede enige addisionele partye wat gekontak moet word se kontakdetails aan haar verskaf sodat sy kan verseker dat die persone ook by die proses betrek word.

8. AFSLUITING

Mnr. J. van Staden dui weer eens aan dat in-diepte studies in die volgende fase onderneem sal word. Die openbare deelname proses gaan voort tot en met die einde van die studies. Finale aanbevelings sal dan aan die Departement van Omgewingsake en Toerisme gemaak word na afloop van die proses.

Me. I. Snyman bedank die Marken Boerevereniging vir die gebruik van die saal en die administratiewe reëlins wat daarmee gepaard gegaan het.

Mnr. J. van Staden sluit die vergadering om 15:40

9. BYWONINGSREGISTER

NAAM	VERTEENWOORDIGING	TEL	FAKS / E-POS	POSADRES
Mnr. Henri Meister	Bergsig: Eienaar	011-469 0303 082 786 9977	011-469 0303	Posbus 69575 Bryanston, 2021
Mnr. Albie Geerkens	Plaas Alkantrant: Eienaar	014-765 0046	014-765 0046	Posbus 55 Marken, 0605

NAAM	VERTEENWOORDIGING	TEL	FAKS / E-POS	POSADRES
Mnr. Andre du Plessis	Lund Farms: Plaas Maraba, Eerstegoud, Pietersburg	015-225 7031-6 082 809 6949	andre@lunds.co.za	Posbus 1580 Pietersburg, 0700
Mnr. Ken Lund	Lund Farms: Plaas Maraba, Eerstegoud, Pietersburg	015-225 7031-6	-	Posbus 1580 Pietersburg, 0700
Mnr. Hannes Peens	Plaas Goedgedacht, Marken: Eienaar	014-765 0205 082 886 6077	014-765 0205	Posbus 7 Marken, 0605
Mnr. Attie Strydom	Plaas Murchison: Helderdaagsfontein	014-765 0219	014-765 0219	Posbus 23 Marken, 0605
Mnr. D.J. Swanepoel	Al-Drie	014-765 0243 083 2299 491	-	Posbus 62 Marken, 0605
Mnr. H.B. van der Walt	Plaas Kirstenbos	014-765 0225	-	Posbus 31 Marken, 0605
Mnr. P. Hoogenboezem	Plaas Goedgedacht	015-491 4781 082 806 5404	015-491 4781	Posbus 1963 Potgietersrus, 0600
Mnr. Dirk Roets	Shelanti Game Ranch	014-765 0097 082 956 7299	014-765 0099 shelanti@lantic.net	Posbus 73 Baltimore, 0019
Mnr. L. Malherbe	Noordelike Provinsie: Departement van Omgewingsake: Waterberg Distrik	015-491 8011 082 436 4132	015-491 8140	Posbus 3567 Potgietersrus, 0600
Mnr. Christiaan van der Walt	Plaas Murchison	014-765 0221 072 376 2864	-	Posbus 64 Marken, 0605
Mev. Henriëtte Esterhuizen	Plaas Marken	014-765 0039 072 365 9072	-	Posbus 65 Marken, 0605
Mnr. Johan van Tonder	Plaas Marken	014-765 0105 082 652 3307	014-765 0105 ina@lantic.net	Posbus 88 Marken, 0605
Mnr. R.W. van Tonder	Plaas Marken, Kirstenbos, Georgetown & Weltevreden	014-765 0011	014-765 0094	Posbus 20 Marken, 0605
Mnr. Chris Vuso	Eskom	011-800 2201 083 633 1550	011-800 3917 chris.vuso@eskom.co.za	Posbus 161 Strubenvallei, 1735
Me. Carol Streaton	Eskom	011-800 5411	011-800 3917 carol.streaton@eskom.co.za	-
Mnr. Joggie van Staden	Bohlweki Environmental	011-805 0250	011-805 0226 bohlweki@pixie.co.za	Posbus 11784 Vorna Valley

NAAM	VERTEENWOOR- DIGING	TEL	FAKS / E-POS	POSADRES
				Midrand, 1686
Me. Ingrid Snyman	Bohlweki Environmental	011-805 0250 012-991 7947	011-805 0226 ingrids@mweb.co.za	Posbus 11784 Vorna Valley Midrand, 1686